

## Changing me and my world through prayer – Week 4

*"The very process of 'wasting time' with God changes me on the inside."*

*Philip Yancey*

### Agtergrond

Die uitdaging met hierdie volgende 4 weke se bybelstudies was om werklik tyd te maak om stil te word en saam te bid. Ons gaan deur die Onse Vader bid en elke week die 4 vrae vra:

- Waarvoor moet ek **God** dank en loof?
- Watter onmiddelike krisis en **nood** is in my lewe wat ek vir God wil gee?
- Here, maak my oë oop vir mense en **uitreik** geleenthede?
- Watter areas in my lewe moet ek in **groei**?

### 1. Geleentheid om stil te raak

Almal in die groep het 'n besige dag gehad en ons koppe en harte en gedagtes is nog vol van alles wat vandag in die werk en in ons lewens gebeur het. Gee 'n geleentheid vir almal om net eers rustig te raak en kyk/luister dan saam na die volgende song .

**"The prayer song"** [https://www.youtube.com/watch?v=C\\_wJtQfYddc](https://www.youtube.com/watch?v=C_wJtQfYddc)

Die heel belangrikste van hierdie paar weke se Bybelstudies is dat julle moet begin bid. Dit help nie ons praat en preek en lees oor gebed en ons bid nie. Ek weet dat dit vir baie mense moeilik is om te bid, maar dit mag nie maak dat ons nie bid nie – ons moet bid, want Jesus het gebid en Hy het ons geleer hoe om te bid. So hou aan om jou groepslede uit te daag om te bid en bid self...

### 2. Hoe leer die Bybel ons bid – Lees Matteus 6:5-15 en Johannes 15:1-8

- Wat tref jou as jy hierdie gedeelte lees wat jy dalk verlede week gemis het en nog nie voorheen so raakgelees of gehoor het nie.
- In **Johannes 15** vertel Jesus hoe belangrik dit is dat ons in Hom moet bly en gebruik hy die voorbeeld van die wingerdstok en lote. Wat is volgens hieride gedeelte a. die voordele daarvan om in Jesus te bly en b. die nadele daarvan om nie in Jesus te bly nie?
- **Ons het gebed nodig om geestelik te groei.** As ons nie bid nie, kan ons nie groei nie. Hoe wil hierdie gedeelte hierdie saak oor gebed kom bevestig?  
*Dit is ons verbintenis met Christus wat ons laat groei*
- **Hoe help gebed ons om geestelik te groei?**

*Daar is nie 'n spesifieke antwoord nie, maar die vraag moet groepslede dwing om te begin dink en praat oor watter belangrike rol gebed speel – gee aan elkeen 'n kans om te sê wat hulle dink.*

- In watter areas **wil ek groei**, moet ek verander? Spandeer 'n paar minute in stilte en laat elkeen hulle lysies maak en dit dan in gebed aan die Here gee.
- Met gebed gee ons **aan God die reg en die ruimte om aan ons binne-kante te werk**. Met gebed stel jy jouself doelbewus oop vir God om binne in jou te werk. In **Efesiers 3** bid Paulus hieroor.
  - Wat vra Hy van God in **vers 16?**
  - Wat vra Hy van God in **vers 17?**
- **Gebed is 'n kans vir my to show up.** As dit die plek is waar groei begin, waar verandering begin – dan is dit die plek waar ek moet wees. En daarvoor het ek nodig om geduldig te wees, om te wag, om God en sy tydsberekening te vertrou, But keep on showing up...

### **3. Saambid**

Spandeer ekstra tyd hierdie week aan saambid:

- Waarvoor wil ek **God** dank en loof? "**Here ek loof U vir.....**"  
....."
- Watter onmiddelike krisis en **nood** is in my lewe wat ek vir God wil gee? "**Here, help my met.....**"  
....."  
**gee vir my.....**"  
....."
- Wat en wie het ek vandag raakgesien na wie God moet **uitreik**, in wie se lewe die Here moet werk? Bid weer deur die gebedslys van week 3  
**Familielid/vriend.....**  
**Werksituasie, kollega.....**  
**Nood, krisis.....**  
**Uitreik.....**  
....."
- In watter areas in my lewe moet ek in **groei**? "**Here ek wil groei in.....**"  
....."

### **4. Challenge:** Hou aan om te bid: Hoe kan ons as selgroep aanhou bid en sorg dat gebed 'n belangrike deel van ons lewens bly? (*en dit moet baie meer wees as 'n gebedslys...)*

**Watter commitment is elkeen bereid om te maak?**